

JEUGLES: Wie is die Heilige Gees?

1. PRAISE AND WORSHIP

2. YSBREKER

- * 2 Balonne en met water in en een sonder water in balon.
- * Kers en vuurhoutjies
- * Plaas balon sonder water oor kers- die balon gaan bars
- * Plaas dan die balon met water in oor die kers- balon gaan nie bars nie

3. PROCESS YSBREKER

Die kers stel die werêld voor. Dus al die druk wat ons kry van die werêld soos byvoorbeeld, bekommernisse, vrese, groepsdruk by skole, probleme by huis ens. Omdat ons nie die Heilige Gees in ons het nie kan ons nie die druk hanteer nie en dit maak dat ons bars/val en ons voel verlore en alleen. **MAAR**, as ons die Heilige Gees ken en Hy woon in ons kan al die druk maar kom ons kan dit hanteer en regop staan al is dit moeilik vir ons, want Hy gee ons die krag om te kan staande bly.

4. VIDEO CLIP – WIE IS DIE HEILIGE GEES

Voor ons video clip kyk wil ek net dat ons moet recap wat ons verlede jaar geleer het oor die Heilige Gees. Ons weet mos die Heilige Gees is deel van die drie eenheid en dat Hy 'n **PERSOON** is en nie 'n "spookie" figuur nie. Ons kry mos GOD die Vader, God die Seun en dan God die Heilige Gees Luister mooi wat die man sê, hy praat nogal vining en dan gaan julle vrae in die groepies beantwoord oor DIE HEILIGE GEES.

5.1 VRAAG: Hoekom het ons die Heilige Gees nodig?

Die volgende verse kan help met die antwoord	Antwoord
Joh 16:13 - Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei.	HG lei ons in die WAARHEID - Ons gaan kan onderskei wat reg en verkeerd is in God se oë want daar is baie mense daar buite wat sê hulle ken God en hulle kan julle die verkeerde dinge leer. MAAR as ons die HG in ons het sal Hy ons oortuig van sonde[verkeerde dinge]
Neh 9:20 - U het u goeie Gees gegee om hulle te onderrig.	HG gaan ons LEER/ONDERRIG - Die werêld daar buite plaas ons onder geweldige druk en dan wil ons na 'n maklike uitweg gryp soos bv drank, dwelms, seks om ons te laat beter voel. Die HG wil ons kom LEER hoe om op God te vertrou en hoe om elke situasie te hanteer.
Joh 16:7b - As Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie, maar as Ek weggaan sal Ek Hom na julle stuur	HG is ons TROOSTER - Mense is stukkend en gebroke as gevolg van hul omstandighede. Ons almal het iemand nodig om mee te praat en wat jou dan kan vertroos. As jy niemand het om jou seer mee te deel nie praat gerus met die HG Hy sal op n bonatuurlike wyse jou kom vertroos en vrede gee.

<p>Joh 14:27 - Vrede laat Ek julle na, my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek julle gee is nie soos die werêld gee nie. Julle moenie onsteld of bang wees nie.</p>	<p>HG gee ons VREDE</p> <ul style="list-style-type: none"> - Sjoue julle ons almal leef darem maar in vrees en vrees maak dat jy nie Jesus kan dien soos jy moet nie daarom is dit so belangrik dat ons die HG in ons lewe moet hê want net Hy kan ons vrede gee wat die werêld nie kan gee nie.
<p>Hand 1:8 - Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees.</p>	<p>HG gee ons KRAG</p> <ul style="list-style-type: none"> - HG gee ons die nodige krag om elke dag op te staan en die lewe te leef hoe moeilik dit ook al mag wees. Sy krag hou ons staande sodat ons nie uitmekaar val of na verkeerde dinge gryp soos drank en dwelms nie.
<p>Rom 8:26a - Die Gees staan ons ook in ons swakheid by</p>	<p>HG is ons HELPER vir ons [amper soos jou eie BODY GUARD]</p> <ul style="list-style-type: none"> - As jy voel jy kan nie meer die lewe en jou probleme hanteer nie is dit nodig dat jy die HG in jou lewe het want Hy help ons wanneer ons swak en moeg is.

5.2 VRAAG: Wat moet ons doen om ons verhouding met die Heilige Gees sterker te maak?

- **PRAAT elke dag met Hom [gebed]** - sê vir Hom wat pla of sê net dankie vir wat jy het.
- **Lees jou BYBEL elke dag** - HG kan jou deur n vers bemoedig, vertroos, leer en vrede gee
- **Sluit aan by KERK, JEUG GROEP** - ons leer by mekaar en ons bemoedig mekaar as ons hoor daar is ander mense wat dieselfde probleme as jy het en hoe die HG hulle gehelp het dan kry jy weer nuwe krag vir die lewe.

5.3 VRAAG: Is ek werd om die Heilige Gees te ontvang en in 'n verhouding met Hom te wees?

Ja, jy is werd al wat jy moet doen is om terug te keer na Jesus, jou hart vir Hom te gee en te vra **HEILIGE GEES** kom woon asb in my hart. Luk 11:13b sê dit so mooi:- Hy [God] **SAL** die Heilige Gees gee vir die wat vra. Hand 2:38 - Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God **SAL** julle sondes vergewe en julle **SAL** die Heilige Gees ontvang.

6. SLUIT AF IN GROEP EN KRY SELFONE